**UITTREKSEL UIT : Die Jesus Boodskap, Sy Grondslag en Ontplooiing (2004, hersien en gepubliseer in 2010 as `n PDF uitgawe, deur Ester Blomerus, `n navorsingswerk).**

Hierdie kort uittreksel het deel gevorm van die skrywer se *aanvanklike* 2004 gedrukte weergawe (*Die Jesus Boodskap, Feite, Fabels, Raaisels*) wat handel, onder andere, oor Paulus se bekering en vlug na Arabië toe en waar hy gebly het tot en met sy terugkeer na Damaskus toe, dit is waar die (Stoïsynse) Griekssprekende Jode goed ingeburger en met wie Jesus se uitverkore apostel in konflik gegaan het sedert sy bekering oor geloofsaspekte.

---

Die idee dat Paulus sy toevlug geneem het na die Petra-omgewing, is gebaseer op die skrywer se eie bevindings, en dit is dan net soos wat dit in haar 2004 uitgawe gepubliseer was (`n boek wat in 2004 in klein maat gedruk en versprei was en wat toe weer hersien en uitgebrei was net soos wat dit in die 2010 PDF weergawe (ongeveer 1500 of meer bladsye) verskyn. Die PDF uitgawe (2010) was vir `n lang tydperk op die Internet (www.housealtarnetwork.com) aangebied en baie het volgens hierdie webwerf se telling dit afgelaai en te lese gekry. Die hele reeks is tans onder hersiening, en dit wat nog op hierdie webwerf (Christian Jewish Studies, Die Aarde Sal Vol Word van die Kennis van God) aangebied word, sal tot en met verdere kennisgewing op die webwerf verskyn (vir belangstellendes wat dit graag wil lees tot tyd en wyl die beoogde verdere hersiene weergawe gereed sal wees.

Hierdie uittreksel word slegs op hierdie webwerf aangebied vir belangstellendes (kopiereg voorbehou).

Kruispaaie, bl. 15-21

*Uittreksel........*

“As ons die tydperk waarin Jesus en sy apostels gelewe het asook die agtergrondgeskiedenis van die heilige land (verwys die *Boek van Daniël*), in die regte perspektief kan sien, behoort ons die Nuwe Testament in die regte lig te kan beoordeel. Ons sal dan byvoorbeeld kan begryp waarom Paulus kort na sy bekering en op pad na Damaskus toe, dit is nadat hy as gevolg van die Jode se aanslag teen hom in die nag uit hierdie stad moes vlug - die Christene het hom in ‘n mandjie gesit en hom toe oor die stadsmuur laat afsak - direk na Arabië gegaan het net om weer na Damaskus waar hy voorheen nie welkom was nie, terug te keer en, soos dit voorkom, ook toe in staat was om vir ‘n tydperk van drie jaar daar te kon woon (Gal. 1)! As ons Paulus se persoonlike weergawe met die *Handelinge*-weergawe vergelyk, is daar `n duidelik verskil en dit kom voor asof die kronologie van hierdie apostoliese geskrif nie korrek is nie (Besprekings in hierdie reeks oor hierdie geskrif en wat daarmee gemaak is kort na die verdwyning van die apostels verwys).

Eers as ons self van Paulus verneem (2 *Kor. 11.32),* naamlik dat die goewerneur van Damaskus onder die regering van Koning Arétas gestaan het, verander die prentjie drasties en dan bring dit ons by Petra uit want dit was heel waarskynlik Paulus se motivering om “na Arabië te vertrek”. Het Lukas dalk iets verhaal wat nie aanvaarbaar was vir daardie kerklikes wat ook Ebionities beïnvloed was nie en wat hulle toe gerieflik van ontslae geraak het? Paulus was juis soos dit voorkom, nou betrokke by die Hellenistiese Jode.

Dit kom voor dat die apostel toe doelgerig na Arabië vertrek het en hy wou dan seker ‘n veilige verblyf vir homself in Damaskus beding het en sy bekering het hom natuurlik in ‘n penarie laat beland. Koning Arétas was seker, onder sy besondere omstandighede, ‘n geskikte beskermheer, altans totdat hy homself behoorlik kon heroriënteer. Ons behoort te kan besef dat Paulus toe om oorlewing moes veg en dat hy vinnig by ‘n nuwe leefstyl moes aanpas. Hy kon dan seker om `n baie goeie rede, ook nie onmiddellik ná sy ontmoeting met Jesus teruggaan na Jerusalem toe nie want hy het veral daar bekend gestaan as die Hoëpriester se afgevaardigde en sy beeld as moordenaar van die Christene was natuurlik ook nie oornag uitgewis nie. Damaskus se hekke was vir hom gesluit en sy ouerhuis in Tarsus sou vir hom volgens Joodse tradisie nie meer ‘n toevlug kon wees nie. Ons weet nie of sy ouers toe nog gelewe het nie want hy praat nooit van hulle nie, en dit is iets wat ons dan tot die besef bring dat hy inderdaad vir hulle “dood en begrawe” was en weereens volgens eg Joodse tradisie. Maar tog is daar ook `n mening dat Paulus in sy eie huis in Tarsus op die aard van ons huidige sinagoge-tradisie leringe aangebied het. Hy het Christus dan daar verkondig tot op die tydstip toe Barnabas hom daar kom haal het.

Dit kom voor asof sy vertrek na Arabië toe tog goeie vrugte afgewerp het en dit was gevolglik ‘n goeie skuif - hy moes seker sy bewegings so vinnig as moontlik beplan het want hy word in die nag aan sy lot oorgelaat en ons kan net dink hoe moeilik sy situasie vir hom moes gewees het. Hy het ook seker baie goed geweet dat die Jode oral teen hom gekant sou wees want hy het, sommer reg aan die begin van sy sending, ‘n goeie smakie van hulle verwerping en antagonisme gekry. Watter verbintenis het Damaskus dan, inaggenome Sirië wat onder Romeinse beheer was, met Petra gehad?

Petra het deur Markus Antonius se toedoen onder beheer van die Ptolemies gekom - hy het dit aan Cleopatra met wie hy ‘n liefdesverhouding gehad het geskenk - en dit was eers by die Romeinse Ryk ingelyf in 106 n.C (EE). Met die beëindiging van die Hasmoneër-dinastie, was Damaskus een van die tien stede onder die Romeine wat deur ‘n vreemde goewerneur beheer was en Koning Arétas IV se goewerneur was dan, soos dit voorkom, om hierdie rede oor Damaskus aangestel (2 Kor. 11.32). Dit was ‘n baie belangrike handelsentrum op die hoofroete tussen Mesopotamië, Egipte en Arabië maar dit was ook die hoofstad van Sirië wat weer beheer oor Palestina uitgeoefen het. Paulus se agtergrondgeskiedenis het moontlik ook daartoe gelei dat hy weer ná sy besoek aan Arabië na die stad waar hy verban was, kon terugkeer. Na bewering was sy Pa `n skeepshandelaar en as dit wel die geval was, sou Paulus dan seker baie goed geweet het waar die skeepwerwe bestaan het en natuurlik ook waar, soos in die geval van die geografiese gebied van Petra, die materiaal wat vir die bou van skepe gebruik was, naamlik eikehout, vandaan gekom het. Daar was ook `n Romeinse pad vanaf Damaskus na Egipte toe waar daar in die Nyldelta baie Joodse gemeenskappe was. Daar is juis `n bewering dat Paulus se Pa `n skeepshandelaar was.

Die apostel kon natuurlik ook baie maklik ná sy Damaskus-ervaring, dit is kort na sy bekering en ontvlugting uit die stad, langs hierdie weg na Arabië toe gegaan het want dit was natuurlik `n besige karavaanroete. Diè pad het kort duskant Arabië-Petraea verby gegaan - dit is daardie roete wat met Egipte sou verbind - en hy kon seker toe geredelik naby Arabië, selfs op die grens, afgeklim het met die doel om daarvandaan sy bestemming op een of ander wyse te bereik. Petra was natuurlik die ou Sela van Edom. Daar is `n kaart wat bewys lewer dat die apostel moontlik vanaf Damaskus toegang tot Arabië kon verkry het, dit is dan oos van Sirië, maar daar was nie `n nasionale roete nie, soos dit voorkom, en hy moes dan seker sy bestemming via die hoofroete bereik het. Waar Petra `n baie belangrike stad was, was so `n besoek moontlik wel logies (Boek 8 Nota 18). Petra is ook binne die geografiese gebied van die Arabiese golf geleë - die latere Suez-kanaalgebied waar skeepsvervoer bedrywig was. Veral besendings peper en ander spesirye vanuit Indië, ook versendings van parfuum en wierook, was dan seker op die karavaanroetes vanaf Suid-Arabië via Petra na die res van die Romeinse Keiserryk toe versprei en die Ooste was natuurlik ook teen daardie al tyd toeganklik vir die Weste (Sjina). (v. Boek 8 Nota 19).

Herodus Antipater se vrou was ‘n Arabier en sy was ook familie van die koninklike huis in Petra (die Nabateërs) wat ons dan weer by die Herodiane uitbring by wie Paulus moontlik voor sy bekering ook direk of indirek betrokke was want dit is asof die Fariseërs, uit hoofde van hulle geskiedenis, nader aan die Huis van Herodus en die Romeine gestaan het as die Sadduseërs . Die Herodiane het besondere polities-maatskaplike belange in Palestina gehad, dit is met die

Romeine in gedagte, en natuurlik ook met die Arabiere. Daar is wel ook 'n mening dat hulle nie polities ingestel was nie. Hulle het hulle ook by die Fariseërs geskaar en andersom en die Fariseërs was weer sterk by Tempelbelange betrokke veral ná die val van die Hasmoneër-dinastie. Die Sadduseërs en die Fariseërs het natuurlik elk hulle eie besondere geregtigheidboodskappe verkondig.

Die Herodiane het verkies om onder 'n "plaaslike Prins" - dalk verwant aan Koning Arétas? - te dien. Paulus se vader was na bewering betrokke by handeldrywery op die see- en karavaanroetes en moontlik het hy ook handelsbetrekkinge met Petra gehad want dit het juis op die Arabiese speseryroete gelê. Hoe Koning Arétas in beheer van Damaskus gekom het hou, soos dit voorkom, dalk ook met die geskiedenis van koningin Cleopatra verband want Markus Antonius het later ook die kusstreke aan haar gegee maar dit was heel moontlik as gevolg van die Herodusse se sterk bedingingsmag. Die Nabateërs het in die tyd van die Makkabeërs 'n alliansie gesluit met Hyrcanus II (65 v.C.) en wie hom dan ook by die Fariseërs en Herodus die Grote geskaar het asook die Romeine. Dit is nie duidelik of Paulus wel 'n Herodiaan was voor sy bekering nie, of hoedanig sy verbintenisse met hulle was nie, maar die Fariseërs en die Herodiane het saamgewerk en dit is tog logies dat hy ná sy bekering nie meer een sou kon wees nie. Die geskiedenis van die Tempelbelange wat veral die Sadduseërs en die Fariseërs raak, ook 'n in-diepte studie van die Herodiane, val buite die bestek van hierdie reeks. Daar was na bewering sterk ooreenkomste tussen die Esseners en die Fariseërs.

Petra was dus van strategiese belang en dit was seker ook vir Paulus tydelik 'n veilige hawe onder Koning Arétas IV en wie dan nie so daadwerklik onder Romeinse beheer sou gestaan het nie. Die feit dat Paulus weer kon terugkeer na Damaskus toe en drie jaar daar onverstoord kon woon, bring ons tot die besef dat sy besoek aan Arabië moontlik wel met Petra verband kon gehou het en hy het dan moontlik van sy (Pa?) kontakte gebruik gemaak om 'n veilige verblyf vir homself in Damaskus te kon beding het (Gal. 1.17-18). Na 'n oënskynlik driejarige verblyf in Damaskus, het hy weer vir die eerste keer ná sy bekering Jerusalem besoek om met Petrus wie, anders as wat baie beweer, steeds die leierskap waargeneem het en daarom vermeld Paulus spesifiek sy naam (Gal. 1.18). So belangrik was sy besoek aan hierdie apostel dat hy vyftien dae by hom gebly het (en natuurlik in sy huis). Tydens hierdie besoek het hy ook Jakobus "die broer van die Here", ontmoet.

Tot op hierdie stadium was Paulus dan nog onbekend by die Christelike gemeentes in Judéa waar die Ebioniete (die "armes") natuurlik woonagtig was en ons kan aflei dat baie nog bang vir hom was al het hulle ook van sy bekering gehoor en dit is dan iets wat ons tot die besef bring dat Paulus wel baie wreed teenoor die Christene moes gewees het, iets wat hy ruiterlik na sy bekering erken, en dit was dan ook hoofsaaklik die rede waarom hy bereid was om so swaar vir die saak van Christus te ly - die gevolg van sy openbare en moedige getuienis oor Jesus (2 Kor. 12.9-10).

Die Jerusalem Kerk was, uit hoofde van hulle plaaslike betrokkenheid by die Joodse geloof en kultuur, seker maklik beïnvloed deur die toegewyde Ebionitiese/Esseense gemeenskap - veral wat betref die onderhouding van die Wet, dit is die besnydenis en die Sabbat - wat gevolglik tot Paulus se konfrontasie met Petrus gely het en waarvan Jakobus dan ook sou geweet het. Die spesifieke besluitneming oor Christelik-heidense belydenisse het toe ter sprake gekom en dit was veral hierdie tipe konfrontasie wat in Ebionitiese legendes voorkom (v. Boek 8 Nota 10.4 - verwys ook besprekings oor Esseners/Ebioniete).

Paulus se bekering was dan van kardinale belang vir die voortbestaan van die Christelike (apostoliese) geloofsbelydenisse, anders sou dit, veral onder druk van die Ebioniete wat duidelik ook later weer van die apostels afgestig het en wie na bewering verantwoordelik was vir die stigting van die georganiseerde Kerk in Rome, heeltemal verjoods het. Paulus het die Nuwe Verbond met sy internalisering van die Wet, teenoor die veruiterlikte onderhouding daarvan, verkondig en dit kom duidelik na vore in veral sy *Briewe aan die Galasiërs en die Hebreërs*. Dit was beslis ook God se wil dat hy, veral in die beginfase van sy bediening, op eie houtjie - dus eenkant en apart van die ander apostels - moes funksioneer want toe kon hy die geloof wat hy direk van Jesus ontvang het, met vrymoedigheid uitdra maar dit is nie asof Paulus se evangelie verskil het van die Jerusalem Apostels s'n nie. Paulus se bekering het veel eerder die seël op reedsbestaande Waarheid geplaas, en juis omdat die Wet nie in staat was om die mens te regverdig nie, was die apostoliese verkondiging natuurlik dat dit in en deur Christus vervul was.

Maar die apostel Paulus se duidelik omlynde uitsprake het voorkom dat Waarheid nie ontspoor het nie (Mat. 5.17).

Soos reeds na verwys, het die Esseners militant aan die Wet vasgehou en dit is dan ook geen wonder dat Rome die herdenking van die Paasfees volgens die Makkabeër-kalender gevier het nie (v. CarringtonII). Die idee dat die Qumran-literatuur anti-Tempelgeoriënteerd was – dit het in die vroeë dae van die Qumran-navorsing ontwikkel - is dan, soos dit voorkom, nie korrek nie Hulle het wel 'n ywer vir die Tempel *per se* gehad maar hulle het gevoel dat die Tempel gesuiwer moes word van alle besoedeling juis omdat hulle hulleself as Bewakers van die Verbond beskou het. Tog was hulle belydenisse, ironies, self besoedeld! Hulle het gevolglik nog 'n nasionalistiese verbintenis met die Tempel gehad en moontlik uit die aard van hulle Joodsheid kon hulle dan wel die Tempel besoek het – hulle profete het wel op die Tempeltrappe geprofeteer volgens Josefus - maar daar is nie bevestiging, soos dit voorkom, dat hulle wel aan die Tempeloffers deelgeneem het nie. En dit is natuurlik die hart van die Tempelaanbidding! Wat wel blyk is dat hulle tipe Levitiese reiniging deelname aan die vuuroffers oorbodig sou gemaak het (v. Boek 6). Hulle afsydigheid het dan grotendeels verband gehou met die Tempelverontreiniging deur die heidendom en wat dan ook na die Makkabeër-era toe teruggaan – presies dit wat gelei het tot Paulus se arres in Jerusalem en dit kan dan wel die geval wees dat sy arres deur hierdie tipe yweraars van die Wet veroorsaak was. Hulle sou noodwendig alles in hulle vermoë gedoen het om op Paulus se "oortredinge" van die Wet, veral waar sy teikengroep die Hellenistiese Jode ingesluit het, te fokus en juis omrede sy Fariseërsagtergrond hom, soos dit voorkom, bo hulle sou verhef het. Is dit dalk die rede waarom Qumran voor die Tempel verwoes was (68 n.C.)? Immers was die Fariseërs en die Sadduseërs die twee belangrikste sektes in die Judaïsme.

Wat betref Tempelondersteuning, behoort ons moontlik die geskiedenis van die Noordelike en die Suidelike Ryk ook in gedagte te hou want Jerobéam het sy eie Tempel en altaar in die Israel-koninkryk opgerig en hierdie afstigting het moontlik 'n veel groter impak op die latere geskiedenis van die Jerusalem Tempel gehad as wat dit op die oog af lyk. WilsonTGP verwys na Goodenough se navorsing oor 'n Ou Testamentiese geheime kultiese groep - `n aanname wat wel verwerp was in sy tyd - maar as ons besef dat die Esseners 'n geheime organisasie was, behoort ons nie hierdie stukkie navorsing summier af te kraak nie en natuurlik inaggenome die onderskeie Esseense sektes. 'n Deeglike ondersoek oor prof. Goodenough se bevindings val egter buite die bestek van hierdie reeks.

Daar was 'n scenario in Boek 8 geskets van die moontlike totstandkoming van 'n nuwe Levitiese beweging/orde as gevolg van Esra se ekskommunikasie van daardie Leviete wie met vreemde vroue getrou het gedurende die Ballingskap , en waar hulle presiese ontstaan nog grotendeels op bespiegeling berus – dus nie net met hulle Qumran geskiedenis in gedagte nie - behoort historiese gebeurtenisse, veral dit wat die kern van die Tempel raak, naamlik die priesterkap, seker altyd interessant te bly (v.*Kruispaaie* (82). Ons mag dan seker bespiegel, en veral inaggenome geskrewe rekords wat wel tot ons beskikking is maar wat ons nie altyd alles vertel nie. Selfs die OT apokriewe werke wat wel aanvullend gebruik kan word, vertel ons niks oor die Esseners *per se* nie. Feit is, daar bestaan nogsteeds onsekerheid oor die gehele agtergrondgeskiedenis van die Esseners veral wat betref hulle geheime tradisies en veral hulle oënskynlike afwesigheid in die Talmoed (v. GinsburgES se goeie navorsingswerk). Om hierdie rede kan ons dan seker ook, net soos wat dit gewoonlik met die Bybelse verhale gaan, opsies oorweeg al sou dit dan net wees om ons belangstelling wakker te maak oor die bloeddeurdrenkte Palestynse intertestamentele fase waarin hulle *volgens algemene mening* dan ook hulle ontstaan gehad het. Maar die moontlikheid van `n bestaan lank voor die aanbreek van die hierdie era - en wat na bewering dan ook verband hou met die *Chassadim* en selfs Egipte - kan dan seker sonder gewetenswroeging op hierdie wyse benader word. Die drie belangrike NT Joodse sektes, en veral die Essenisme, was gemoeid met belydenisse wat dan nie net tot die Judaïsme beperk behoort te word nie omrede dit ook die Christendom beïnvloed het.

Wetenskaplike bewyse van paleografiese, etnografiese toetse, ensovoorts, bly natuurlik van deurslaggewende belang by die naspeur van hulle oorsprong (die Griekse kleipotte in die Qumrangrotte) maar moontlik was hulle geskrewe dokumentasie vanuit 'n latere era terwyl hulle ontstaan dalk wel verder in die geskiedenis teruggaan. Of het Qumran wel `n tipe askeet gehuisves wat `n nou verbintenis met Egipte gehad het (die Terapeute of „genesers") en wie dan juis na Palestina toe gekom het tydens die Makkabese regering en toe Antiochus IV sy aanslag

teen Judéa begin loods het, naamlik om die Joodse gewondes te help? (v. Boek 6). Asketisme is nie eie aan die *Torah* nie maar dit hou tog baie duidelik verband met die Qumran-kloosterorde**s -** alhoewel Ginsburg `n ander siening handhaaf.

Ons behoort in gedagte te hou dat die Hoëpriesterskap moontlik dan nie streng volgens die Sadok-opvolg was nie en dit het veral onder die Makkabeërs uiters korrup gedraai. En die Hoëpriesterskap gaan natuurlik veel wyer as 'n Levitiese verbintenis *per se*. Hulle ideaal was, soos dit voorkom, die herbou van 'n Tempel met 'n spesifieke uitleg/voorkoms in gedagte en wat dan moontlik ook deur die profeet Esegiël se visioene aangevuur was, en moontlik omrede Herodus die Grote wie juis nie as Joods beskou was nie, die Tempel (C.E.) gebou het. Daar was natuurlik ook geldwisselaars verbonde aan die Tempel wat die Tempelterrein met hulle gesekulariseerde bedrywighede gekorrupteer en gevolglik ontheilig het (v. Boek 8 Nota 10.7). Hierdie bedryf het wel ook 'n diens aan die Joodse gemeenskap gelewer – die jaarlikse Tempelbelasting moes deur elke Jood betaal word en offerdiere was natuurlik op gereelde basis aangekoop - en dit het dan seker op die aard van `n bankstelsel gefunksioneer wat noodwendig besoekers van oral sou betrek het (die diaspora Jode). Daar was wel volgens die Makkabese boeke geld van belangrikes in die Tempel in veilige bewaring gehou maar of dit toe `n algemene gebruik geword het, is nie duidelik nie. Jesus het baie duidelik teen die handeldrywery in die Tempel uitgegaan en Hy sou tog sekerlik nie teen die Wet opgetree het, met ander woorde as dit net om die invordering van die verpligte *shekel* gegaan het nie. Jesus sou tog sekerlik nie net uit bravade rebels opgetree het en die handelaars se tafels omgegooi het nie al word daar ook aangevoer dat Hy nie die jaarlikse Tempelbelasting kon bybring nie (die voorgeskrewe *shekel*)!

Dit is lagwekkend hoe vergrype wat teen Jesus gepleeg was deur veral die Tempelowerhede vandag gerasionaliseer word net om Joodse tradisies te beskerm. Feit is: die lewendige handeldrywery op die karavaan- en seeroetes het natuurlik geld van verskillende nasies byeengebring en daar was ook nie 'n eenvormige muntstelsel soos wat dit vandag die geval is met die *euro* nie. Geldwisselaars het na bewering ook soms lenings toegestaan vir die vervoer van vrag na verskillende destinasies tot sover as Sjina (die sogenaamde Syroete). Maar dit kom voor asof hierdie tipe buitelandse valuta nie die Tempel intiem geraak het nie maar eerder al die onderskeie wette en voorskrifte van die *Torah* en wat dan wel die hantering van geld sou genoodsaak het en veral toe harde kontant, in plaas van die voorgeskrewe landbouprodukte as middel tot onderhoud van die priesters en die Leviete, `n kwessie sou geword het. Joodse handelaars sou dan moontlik, veral onder spesiale omstandighede, van hierdie opsie gebruik gemaak het - om selfs hulle geld vir `n tydperk in veilige bewaring te hou - en die Tempelowerhede sou tog vanselfsprekend hulle voorgeskrewe wins uit elke transaksie gemaak het (v. *2 Mak. 3.22).* Maar dit kom voor asof geld wat in bewaring gehou was in die Tempel wel aan spesiale omstandighede toegeskryf kon word, naamlik gedurende tye van oorlog en politieke onrus. Tog is daar geen *Torah*-voorskrifte wat hierdie tipe Tempeltransaksies sou kon regverdig nie. Die Tempel was dan die baie belangrike sentrale vergaderplek wat toe, soos dit voorkom, ook aan handeldrywery blootgestel sou kon word en veral die heidense afdeling. Tog het Jesus dit afgekeur en Hy sou, logies gesproke, sy kritiek eers teen die afsluitingsfase van Sy sending gelewer het, naamlik teen die wyse waarop die Tempel en sy perseel bestuur was, want Hy het natuulrik baie goed geweet wat die gevolge van so `n stap sou wees.

Handeldrywery op die Tempelterrein sou alle toegewydes bitter gegrief het en moontlik veral die Esseense tipe (die Selote?) en wie baie goed vertroud sou gewees het met God se priesterlike voorskrifte. Dit is as ons aanvaar dat hulle wel deel van die Tempel was voordat die Makkabeërs die Griekse ontheiliging van die altaar beveg het. Selfs diegene wat seremonieel van die Tempelrituele afgesny was, sou dan seker aggressief opgetree het teenoor vergrype wat die altaarrituele in gedrang sou gebring het, veral vanuit die priesterdom wat dit volgens God se voorskrif moes beheer het, ook daaroor moes gewaak het. Maar dit blyk ook asof die Esseners hulle eie besondere benadering *van meet af* tot die Tempel-vuuroffers in plek gehad het, naamlik hulle eie tipe Levitiese reiniging en wat dan juis die Tempel-vuuroffers oorbodig sou gemaak het (v. Boek 6; v. Boek 8 Nota (22) tot Boek 8 ).

Soos reeds na verwys, verneem ons nie van die onderskeie (NT) Joodse sektes in die *Eerste en Tweede Boeke van die Makkabeërs* nie – daar is altesaam vyf boeke waarvan die laaste na bewering die Arabiese weergawe is (Morris A. Gutstein : CE 15 : 151-152; 2 Mak.19). Jason van Cyrene word beskou as outeur van hierdie vyf-volume werk. Daar is ook `n bewering dat dit

in Grieks geskryf was deur `n „Alexandrynse Jood" - maar, soos dit voorkom, wel oorspronklik in Hebreeus (p. 152). Nie al vyf boeke het betrekking op die Makkabeërs nie, soos byvoorbeeld Boek III (p. 152). *Mak. 1* word in die algemeen as die mees betroubare boek beskou met *2 Mak.* as `n tweede weergawe daarvan, en min of meer vanuit dieselfde periode (176 - 161 v.C.). Cyrene (Noord-Afrika) waarvandaan ene Jason dan was, was `n baie belangrike Griekse handelsentrum en wat veral met Egipte en Karthage (Tunisië) handel gedryf het, en dit was, soos die kosmopolitaanse Alexandrië, bekend vir sy besondere intellektuele bedrywighede (*Atlas of the Bible* : 218; EE 4: 215). Daar was, soos dit voorkom, soos in Alexandrië, ook `n sterk Joodse (Hellenistiese) gemeenskap en wat dan Esseense verteenwoordiging veral nie uitsluit nie. Dit kom voor asof die beskrywing „Essener" `n Hellenistiese konnotasie het teenoor Ebioniet, `n ultra-Joodse een en alhoewel die Essenisme en die Ebionisme onder een en dieselfde sambreel gegroepeer word, is daadwerklike skeidings, soos byvoorbeeld voorgaande een, nie altyd waterdig nie en gevolglik word die Ebionisme *per se* ook in `n ultra-Joodse teenoor `n Hellenisties-Joodse komponent geskei (verwys besprekings in reeks).

Heel interessant bevat *2 Mak. 14* `n baie interessante beskrywing van `n afvallige Hoëpriester, `n Aäroniet, en wie as gevolg van die Griekse lewensstyl en -gebruike wat hy vrywilliglik aanvaar het, naamlik toe hy sy amp verloor het en toe daarna vol wrewel met die Griekse owerhede geheul het om die heldhaftige Judas die Makkabeër te laat afsien van sy oorlogsugtigheid. Dit was ook dieselfde Hoëpriester wat in *1 Mak. 7* verraderlik optree teen sy eie volk en toe hy sestig „leraars van die Wet" wie hom gevra het om geregtigheid te laat geskied, wreed om die lewe laat bring (Fariseërs?).

Wat opmerklik is, is hierdie renegaat Hoëpriester (Alcimus) se volgehoue ambisie en mededinging om hierdie gesogte Joodse amp (1 Mak. 7.21)! En wat ons dalk hieruit kan aflei is die polarisering van twee Joodse groepe, naamlik `n Joodse faksie wat Joodse gebruike gerespekteer het, ook fanaties daaroor gewaak het (Judas die Makkabeër en sy volgelinge) teenoor `n Hellenistiese faksie wat dan heel moontlik `n breuk met die Tempel sou ingelui het of dalk `n bestaande breuk versterk het. En dit bring ons natuurlik uit by die kanonieke *Esra* se Leviete wie nie wou afstand doen van hulle vreemde vroue nie en wie dan moontlik wel hulle eie tipe Levitiese beoefening op die been gebring het [v. *Kruispaaie*, Boek 8 (82)].

Maar die bedreiging van die Hellenisme was natuurlik nie die enigste faktor wat die Joodse leierskap voor oë moes gehou het nie maar veral die geweldige lewensverlies aan beide kante van die draad. Tog blyk die bedoeling van die Makkabese opstande suiwer omrede daar so verbete en volgehoue geveg was vir behoud van die Wet en God se voorskrifte alhoewel *2 Mak.* baie duidelik tekens openbaar van die invoer van Joodse Mistisisme, iets wat beslis eie is aan die Essenisme, en opvallend word daar ook in dieselfde Makkabese boek vir die dooies gebid (2 Mak. 12.38-45). Die strydende Judas ontvang selfs `n visioen dat die gestorwe profeet Jeremia sterk voorbidding doen vir sy volk en vir Jerusalem (2 Mak. 15.13-14)! Laasgenoemde het baie beslis `n Egiptiese aanklank. Selfs die goue (!) swaard wat die profeet in die visioen aan Judas gee vind, soos dit voorkom, aanklank by die Essenisme (oftewel `n sekere faksie onder hulle). Daar is natuurlik `n bespiegeling dat *2 Mak.* geskryf is ná die breuk tussen die Hasmoneërs en die Fariseërs maar waar doop ten behoewe van afgestorwenes in die Pauliniese briewe afgewys word - hierdie apostel was voor sy bekering `n geharde Fariseër - kom dit voor asof voorspraak vir die dooies moontlik wel via die Makkabeërs en die Essenisme oorgeplant was op die Katolisisme asook latere hoofstroom Judaïsme. Maar dit kom ook voor asof dit `n eksterne invloed was - vanuit Egipte en heel moontlik via die Esseners (Alexandrynse Jode?) - en veral in die lig daarvan dat *1 Mak*. nie van hierdie tipe ritueel getuig nie. Ons vind natuurlik dieselfde tipe oliewonders (2 Mak) in die vroegste Palestyns Joods-Christelike verhale (C.E.) en wat dan weereens ooreenstem met die Esseense Mistisisme (v. CarringtonII).

As ons in ag neem dat daar wel `n verskil is tussen Esseense gebruike en hoofstroom Judaïsme, kom dit voor asof hulle juis met die Tempelrituele gebreek het met die doel om hulle eie Tempelorde op te kon rig en natuurlik gebaseer op hulle tipe goddellike voorskrif en interpretasie van die Wet (v. die Pauliniese 1 Tim. 1.3-7). Maar `n belangrike vraag is: Het die oorlogsugtige Makkabese era hierdie breuk aangewakker? Die Tempel was juis die middelpunt van belangstelling vir die Leviete en die Esseense literatuur sluit die Levietiese stam en die priesterlike geslag juis nie uit nie. Salomo se Tempel het ná sy dood aan die Suidelike Ryk (Juda) behoort maar 'n tweede Tempel in die Noordelike Ryk (Jerobéam s'n in Samaria wat toe volgens *2 Mak.*

*6.2* bekend begin staan het as die Tempel in Gerizim) was toe, heel interessant, op versoek van die mense wat daar gewoon het (!), amptelik benoem as, „Tempel van Zeus, die God van Gasvryheid“ - `n gebruik wat juis die Esseners gekenmerk het. En Jerobéam het natuurlik sy eie Levitiese aanstellings gedoen! Simon Magus weer, wie ook bekendstaan as `n Esseense Samaritaan, was juis van hier (Hand. 8); verwys ook *Kruispaaie* (5) oor die Tobiads en die Sanballats en hulle ondertrouery met die Koninklike huis wat weer die Ammoniete en die Moabiete betrek. En dit bring ons ook uit by die *Boek van Sefanja* [v. Bylaag A-1 Eindnota (375)]. En natuurlik die sondes van beide Juda en Samaria wat die profeet Eségiël in opdrag van God aanspreek - die profeet se analoog tussen die twee owerspeliges susters (23). Beide die Noordelike en die Suidelike Ryk het mekaar dan ook wederkerig beïnvloed en beide was dan ook skuldig aan afvalligheid (v. GNB 1 & 2 Mak)."

<u>Opmerkings deur skrywer</u>:

Die Essene en die Fariseërs was wel twee onderskeidende Joodse sektes ten tye van Christus.

Net soos Sela, is die Nabateërs verwant aan antieke Edom en daar was dan wel `n sterk Edomitiese invloed in Palestina en, soos dit voorkom, veral via die Herodusse (Egipties/Grieks).

God moes Paulus aankeer vanweë sy veel wyer kennis en insig onder die verkose twaalf apostels andersins sou die Christelike belydenisse tot `n veel groter mate in gedrang gekom het, dit is inaggenome wat op post-apostoliese vlak gebeur het, naamlik totale verwatering van die eerste eeuse apostoliese leer.

Met betrekking tot die toegewydheid van die Essene aan die Wet van Moses, behoort ons baie objektief te bly omrede hulle wel ook hulle eie interpretasie daarvan op die spits gedryf het. Paulus was ook nie teen die Wet *per se* nie, maar sy uitsprake oor genade wat die Wet verbygesteek het, behoort veral in die lig van die veelvuldige rabbynse toevoegings tot die Wet gesien te word. Paulus het dan wel probleme ondervind met Esseense, skeefgetrekte fanatisisme oor die Wet en hy was natuurlik, veral onder die Hellenistiese Jode (die Ebioniete) glad nie `n gewilde figuur nie. Dit kom dan ook voor dat die Essene veral ingestel was op die hou van "dae, maande en jare" en wat dan `n duidelike ritualistiese ingesteldheid weerspieël en wat bloot om die onderhouding daarvan gegaan het - met natuurlik `n gebrek aan insig in dit wat God se voorskrifte oor heilige feesdae eintlik behels en natuurlik gepaardgaande hiermee `n gebrek aan die diepte van geloof en verlossing deur die bloedoffer van Jesus.

Vir meer oor Tempelbetrokkenheid, ook afgetrokkenheid, raadpleeg die res van die boekreeks.

Dit kom voor asof Esseense (Talmoediese) invloed, ook met betrekking tot Joodse Mistisisme, wel sterk op latere Judaïsme oorgespoel het maar hierdie saak vereis `n indiepte bespreking - `n goeie veld vir diegene wat dit op akademiese wyse wil ontgin.

Hoëpriesterlike beheer (Kajafas en Annas) oor die verkoop van offerdiere en selfverryking daardeur, was al in die verlede deur Bybelkundiges aangespreek. Dit kom dan voor asof Jesus se skoonmaak van die Tempel wel te make gehad het met hierdie tipe handeldrywery op die heilige (!) Tempelterrein en alhoewel die algemene mening bestaan dat dié voorval vroeër in Jesus se bediening plaasgevind het, kom dit liewer voor dat dit `n sterk faktor gespeel het in sy arrestasie deur, soos dit voorkom, Annas se toedoen.

Die bibliografie verskyn in A-1 tot hierdie boekreeks.

**© Hierdie uittreksel mag slegs op hierdie webwerf aangebied word.**

22 Desember 2018.

Verwys op www.housealtarnetwork.com Christian Jewish Studies, Profiles, vir meer omtrent skrywer.